e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

19 Junie 2014
Jaargang 7 – Uitgawe 19

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Agterblad

Teken in op die *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

'n Brief aan Milly* se ma

Ds Mariaan Beukes van Gemeentes Roossenekal en Stoffberg gee ons 'n kykie in die nagmerrie van geweld teenoor vroue.

Ek skryf hierdie brief aan jou met die wete dat jy dit nooit sal lees nie, maar ek het nodig om die hartseer en pyn binne my neer te pen.

Die laaste drie jaar het ek jou leer ken meestal met trane in jou oë waar jy daagliks voor my gestaan het en jou hartseer uitgestort het oor die man met wie jy jou lewe deel, sy drank- en dwelmgebruik, sy geweld. Dan bedank jy soos hy jou opdrag gegee het om te doen.

Maande later staan jy weer voor my en jy's ver swanger met julle kind. Jy vra jou werk terug, want jou lewe in isolasie is ondraagbaar en die geweld, drank en dwelms is onbeheerbaar. Jy wil net 'n paar uur wegkom van die donker hel wat jy en jou ongebore dogtertjie "huis" moet noem. Jy werk tot die laaste paar weke van jou swangerskap, nie eintlik vir die geld nie. Geld was nog nooit 'n probleem nie. Babawinkels kon jy leeg koop; maar dit was sy geld en net nog 'n manier om jou te beheer.

Na die geboorte van jou dogtertjie, Milly*, sien ek jou net een maal. Jy sê dinge het verander. Ek kon sien dat jy dit rêrig wou glo.

Toe kry ek die oproep, jy huil hartverskeurend. Hy het Milly gevat en verdwyn en jy wil nie meer lewe nie. Ek probeer jou kalmeer maar jy't klaar 'n hand vol pille en drie bottels wyn gedrink. Net daar en dan besluit ek om alles in my vermoë te doen om jou en Milly 'n tweede kans te probeer gee. Ek klim in my kar en belowe jou ek kom jou haal. Ek weet jy't niemand meer oor om jou te help nie – familiebande en vriendskappe is lankal verwoes.

Ek het by jou woonstel ingestap en moes tussendeur polisiebeamptes vleg om tot by jou te kom. Ek het gesien hoe jy daar staan, gebroke; 'n wrak van 'n mens sonder hoop op 'n toekoms.

Jy vertel my die stories van wat als gebeur het: van die dag toe hy jou aan jou hare rondgetrek het met Milly in jou arms, van die dwelms, en jy erken skaam dat jy ook soms saam dagga gerook het as dinge te erg was. Jy huil toe jy sê hoe Milly ook by kere die daggawalms wat hy in haar gesig geblaas het, moes inasem omdat hy sê dat sy te woelig is.

Met 'n groot geveg en ontelbare besoeke aan die hof en polisiestasie kry ons vir klein Milly terug. Sy's vol angs en gryp soos 'n apie aan my bloes vas, en ek word 'n kitsouma. Ek speel ure aaneen met haar en sien hoe die klein mensie binne haar ontsluit. Sy begin glimlag en lag terwyl sy haar donkerkoppie agteroor gooi, en in my hart weet ek dat sy 'n beter lewe het.

Toe verander als. Jy bel my en sê jy kan nie so sonder die luuksheid van geld lewe nie en jy het besluit om terug te gaan. Daardie middag het ons in 'n leë huis ingestap; jy en Milly was weg. Ons moes net aangaan sonder om te groet; sonder dat ek Milly vir 'n laaste keer kon hoor lag.

Ek vra myself gedurig af of dit alles die moeite werd was, maar dan besef ek dat 'n mens net ander kan help vir sover as wat daardie persoon jou toelaat, en dan sal God die teuels oorvat. Milly is in God se hande en dit alleen gee haar steeds 'n tweede kans, en daarom sou ek alles oordoen as ek moes...

Ds Mariaan Beukes

* Skuilnaam

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhka.org**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, stuur 'n e-pos na **karen@nhk.co.za**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhka.org** te plaas.

Vakante standplaas

- **Gemeente Grimbeekpark** in Potchefstroom het ’n pos vir **deeltydse bediening** met **gedeeltelike versorging** geskep wat **op ’n kontrakbasis jaarliks gevul** kan word. Die werkopdrag en samestelling van die versorgingsvoordele sal met geskikte aansoekers bespreek word. Benewens blootstelling aan ampswerk in die breë, is die vestiging en uitbou van jeugbediening en die bediening aan jong gesinne die primêre bedoeling van die opdrag. Die kerkraad behou die reg voor om ook kandidate wat nie aansoek doen nie, te oorweeg asook om die pos te vul wanneer dit geleë is. In oorleg met die hoof van die Hervormde Teologiese Kollege (HTK) kan ’n student in sy of haar finale jaar ook oorweeg word. Aansoeke kan gerig word aan die voorsitter van die komitee verantwoordelik vir die beroepswerksaamhede, oudl Phonnie Smit, by **pbd.psmit@offinet.co.za**. Aansoeke kan ingedien word **tot 18 Julie 2014**.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Stuur asseblief berigte oor lief en leed en gemeentegebeure na **produksie@nhk.co.za**. Die redaksie doen alles in hul vermoë om inligting korrek weer te gee, maar maak vanselfsprekend staat op die integriteit van die besonderhede soos verskaf.

- **Die Sinodale Kerkkantoor ondervind sedert Vrydag 6 Junie ernstige netwerk- en e-posprobleme. Dit is dus moontlik dat sommige berigte ons nie bereik het nie. Indien u versoeke nie in hierdie uitgawe verskyn nie, moet u dit asseblief weer stuur. Jammer vir die ongerief!**

- **Ds Denise Schmidt** word op Sondag 27 Julie bevestig in Gemeente Klerksdorp-Suid. Dr André Ungerer sal die geleentheid namens die Kommissie van die AKV bywoon.

- **Dr Christo van der Merwe** is benoem vir ’n besondere opdrag in Gemeente Kempton Park-Oos. Hy neem voortaan die leiding met kleingroepbediening.

Lidmate en adverteerders moet asseblief vroegtydig kennis neem dat daar nie in die week van 30 Junie tot 4 Julie ’n uitgawe van die *e-Hervormer* sal wees nie.

- **UITGEBREIDE LITURGIESE KALENDER.** Prof Natie van Wyk skryf soos volg oor **Sondag 29 Junie:** “Hierdie Sondag word in sekere kerke gewy aan die lewe en werk van Petrus en Paulus. In sekere Protestantse kerke word hierdie dag as die tweede Sondag ná Trinitatis gereken, terwyl ander kerke dit weer as ’n aparte gedenkdiens hanteer. Die belangrike is dat daar aan een van hierdie of aan albei apostels aandag gegee word. Daar is soveel oor albei te sê dat ’n mens glad nie voorskriftelik wil wees nie. Ons moet seker minstens onthou dat Petrus, ’n nederige visserman, en Paulus, ’n geleerde Jood, die kerk diepgaande beïnvloed het. Albei het as martelare gesterf weens hul konsekwente navolging van Christus.”

- **Gemeente Worcester** benodig kerkbanke. Skakel asseblief met dr Piet van Staden by 083 414 0166 as u kan help.

- **Gemeente Vereeniging** se *Gedenkblad 1913-2013* (foto links) kan bestel word van dr Piet Boshoff by **pbboshoff@telkomsa.net**.

- **AKSIEGROEP VIR BEJAARDES.** Ouer persone raak gou verbouereerd in ’n vreemde omgewing. Vergesel jou ouer familielid, vriend, vriendin, gemeentelid of medemens na plekke wat vir hulle onbekend is, soos ’n hospitaal, ’n treinstasie of ’n teater. Vir meer inligting, kontak jou diaken of die ADV se Werkgroep vir Bejaardes (die AGB) by 082 786 8448.

aksiegroep vir bejaardes

- **PROJEK 21.** Projek 21 bedank almal wat deelgeneem het aan die veldtog *Tooi Turkoois vir Bejaardes* van 15 Mei tot 15 Junie. Dit was veral in Mokopane (Potgietersrus) en dele van Pretoria 'n groot sukses. Volgende jaar wil Projek 21 graag die veldtog landwyd laat plaasvind, en enigeen wat belangstel om deel te neem aan die veldtog kan 'n e-pos stuur na **tooiturkoois@gmail.com**. Meer inligting is beskikbaar by **www.goturquoise.co.za**.

- **47STE NASIONALE NHSV KONGRES 17-19 JULIE 2014**
  Afgevaardigdes word daarop gewys dat Kongresagendas reeds gepos is.
  Die volgende sprekers gaan tydens die Kongres optree:
  - Dr Wim Dreyer: My erfdeel – 'n lewe in oorvloed!
  - Mev Marita Fourie: NHSV 75: 'n Kosbare pêrel
  - Mev Elmien Botha: Stoei met die gorilla… dis die moeite werd
  - Ds Liesel Krause-Wiid: Wanneer woorde ontbreek…
  - Prof Stephan Joubert: Hoop is 'n werkwoord

- In hierdie stadium is **137 gemeentes** se inligting vir **2015 se *Almanak*** nog uitstaande – die inligting moet **teen Vrydag 27 Junie** ontvang word. **Ringe** moet asseblief so gou moontlik na hul ringsvergaderings hul *Almanak*-inligting aan mev Karen Breedt by **karen@nhk.co.za** stuur.

- Die redaksie van die ***Tydskrif vir Hervormde Teologie* (*THT*)** nooi ampsdraers en lidmate uit om artikels te lewer vir die volgende uitgawe. Die tema is *Ekklesiologie*, en spesifiek die problematiek rakende klein en kleiner wordende gemeentes. Die lengte van die artikels moet tussen vier en 15 bladsye wees, en die **sperdatum is 30 Junie 2014**. Voornemende outeurs moet die redakteur, prof Natie van Wyk, so gou moontlik in kennis stel by **aim1@mweb.co.za**.

- Lees in Julie 2014 se kerklike publikasies:
  - ***Konteks***
    Sing met vreugde oor die drie-enige God
    Waarom predikant in die Hervormde Kerk word?
    Maak kennis met die ring van Bothaville
  - ***Die Hervormer***
    Geloof moet uitkring na buite
    Die Hervormde Kerk reik uit in die platinumgordel
    Wat leer ons predikante aan die universiteit?

Spesiale eredienste en feesnaweke

- **19-22 Junie: 60-jaar-viering: Gemeente Tzaneen**
  Donderdag 19 Junie: Silwer- en notelegging ten bate van Bybelgenootskap van Suid-Afrika en verspreiding van Bybels

Kom kyk na grootste Bybelversameling in private besit –
in kerksaal in Agathastraat
Donasie vir Bybelverspreiding sal welkom wees
18:00: Tee en koffie en koek, en liggiestap deur die dorp
Vrydag 20 Junie om 18.30: Dewald Wasserfall by The Manor Pub & Grill
hv R71(Phalaborwa) en die Lushofpad
Opelugkonsert, piekniekmandjies kan vooraf bestel word,
geen eie drank of koeldrank nie
Kaartjies by gemeentekantoor, Thomas en Swanepoel Prokureurs,
Tzaneen-, Tzaneng- en Van Heerden-apteek
Sondag 22 Junie om 09:00: Dankdiens by die Eiland-vakansieoord
Gemeente- en gesinsdag daarna
Navrae aan gemeentekantoor by 015 307 4508 (08:00-13:00)
of ds Richard van der Westhuizen by 072 144 7514

- **Sondag 29 Junie om 10:00: Gemeente Weltevreden**
  Emeritaataanvaarding van ds Elsie Pretorius
  Dr Wouter van Wyk sal akte van emeritaat oorhandig
  en 'n groeteboodskap namens die Kommissie van die AKV oordra

'n Gedig vir die winter

Uit: Winterbriewe ea

winter is nie die beste tyd vir skryf nie
want gedagtes snuffel in jou kaste na truie
hulle sluip rond in jou stewels hang serpe
om kele en wasem teen ruite

die verse skuil reg onder die vel
en gee my hoendervleis
elke toon krimp weg met koue
elke woord pyn soos sneeu op die tong

my regteroog sien nie meer heel nie
sien net die skreeustilte van Munch
iewers op 'n brug wat ek nie ken nie

winter is nie die beste tyd vir skryf nie

Marlise Joubert
(Uit: *passies en passasies* 2007)

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 27 Junie, en word hartlik geluk gewens:**

o Donderdag 19 Junie:	Ds W (Willem) de V Sauer (Groot Marico)
o Vrydag 20 Junie:	Dr A (Annelie) Botha (Mafeking)
o Saterdag 21 Junie:	Ds HT (Hennie) van der Linde (Vliegepoort)
o Dinsdag 24 Junie:	Di PJE (Piet) Botha (emeritus) en NJ (Nico) Janse van Rensburg (emeritus)
o Donderdag 26 Junie:	Ds L (Leslie) Kern (Ebenhaézer)

Beplande vergaderings

o Donderdag 19 Junie:	OSR Werkwinkel
	TOIBO
o Vrydag 20 Junie:	OSR Finkom
o Saterdag 21 Junie:	NHSV Dagbestuur
o Maandag 23 Junie:	Kerkordekomitee
o Dinsdag 24 Junie:	ADV Kommunikasie
o Woensdag 25 Junie:	Gesprek oor Projek 21
o Saterdag 28 Junie:	DPS Huisouersopleiding

Allegaartjie

Doen 'n meisie 'n onreg aan, en wanneer jy ééndag self 'n dogter het, sal die vrees dat daar meer sulke skurke soos jy is vir jou 'n kanker in die siel wees. (CJ Langenhoven)

Beskikbare behuising

- **Behuising vir en versorging van bejaarde persone**
  Kontak Hannelie Fourie van Ons Tuis en Monumenttehuise (OTMT)
  012 325 1857 x202 / **www.otmt.org**

- **Kamers vir selfversorgende bejaardes**
  Huis Tafelberger in Monte Vista, Kaapstad
  Navrae aan mev Anna Hanekom by 021 872 6301
  of ds Kathleen Smith by 021 551 5264

Konserte en feeste

- **Vrydag 4 Julie om 19:00**
  Koos van der Merwe sing *Leonard Cohen in Afrikaans*
  Ten bate van Machteld Postmus-kompleks vir Bejaardes
  Brooklyn-teater, Greenlyn Village-sentrum, Thomas Edisonstraat, Menlopark
  Kaartjies R100
  Beskikbaar by die bestuurder, Jo-Mari Haarhoff, tel 012 346 2418
  Ondersteun ons asseblief!

Kampe en toere

- ***Konteks*-leserstoer na Turkye: Vertrek 5 Oktober**
  15 dae op die voetspore van die eerste Christene
  Toerleier: Ds Dries Beukes
  012 654 3198 / 083 447 7943
  Vir meer inligting, kontak Louise Geyser (formele reisagent)
  012 361 0579 / 082 560 4279 / **louise.geyser@absamail.co.za**
  Gaan na **www.konteks.co.za** → Inligting en skakels → Konteks-leserstoer
  vir volledige inligting en besprekingsvorm

Kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Rooihuiskraal: 4x4-pretdag vir die hele gesin**
  Saterdag 2 Augustus
  'n Kosstalletjie en springkasteel vir kinders met volwasse toesig terwyl ouers die roete ry
  Inligting en besprekingsvorms by **www.ebs4x4.co.za**

- **Gemeente Witfield: Fondsinsameling**
  18 pragtige liggewig kaskarre gebou van pyp en aluminiumplate
  Te huur @ R400 per kaskar of R5 000 vir 18 kaskarre
  Kontak ds Theo Janse van Nieuwenhuizen by 083 232 5101 / 011 826 4017 of Alida Reed by 082 228 3552
  of skakel kantoor op Dinsdae, Woensdae of Vrydae tussen 09:30 en 14:30 by 011 826 4625

- **Gemeente Sasolburg-Suid: Vakansie te wen**
  15-19 September 2014
  Selfsorg by Crystal Springs vir 4 volwassenes en twee kinders
  Slegs R50
  As jy kan doen met 'n blaaskans, kontak Tobie by 083 327 1500

Basaars en markte

- **Saterdag 28 Junie: Gemeente Coligny: Winterfees**
  Modeparade met ons eie modelle en gasmodelle
  Kom neem deel – kontak Michelle Barnard by 072 034 2024
  Kom geniet plaaslike kunstenaar Tertia van Biljon (gratis optrede)
  Hoëgehaltevleis teen billike pryse, heerlike eetgoed
  Speletjies, springkasteel, snoepie en koffiekroeg
  Baie pryse om te wen
  Skakel Jan by 083 468 6700 / Louis by 081 744 7893

ANDER NUUS

- **KANKERBEWUSTHEID**
  Helping SA samel geld in vir kinders met kanker in staatshospitale
  Vir slaapklere, speelgoed, vervoer, ensovoorts
  Skenk R100 en ontvang 'n brosjure oor kanker, 'n handgemaakte strikkie en 'n belastingsertifikaat
  Pers (algemeen); goud (kanker by kinders); pienk (borskanker); blou (prostaatkanker); groen (leukemie en nierkanker); rooi (bloedkanker); wit (longkanker); en silwer (hoop)
  Gaan na **www.helping-sa.co.za** vir meer inligting
  Navrae aan Leonie Botha by 081 703 6774

Advertensies in die e-Hervormer

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word. Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit **verkieslik nie groter as 'n standaard besigheidskaartjie** wees nie. Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 110 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie. Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word normaalweg Woensdae saamgestel en verskyn dan die Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui

word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings. **Die koste is R150 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + e-Hervormer Ads. Neem asseblief kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

AGTERBLAD

Gebed vir die week

O Vader in die hemel!
Moet tog nie ons sonde voor ons staanmaak nie.
Hou óns eerder staande teen die sonde.
Gee dat ons elke keer wanneer ons aan U dink,
nie vrees en skuld sal ervaar oor wat ons aangevang het nie,
maar eerder vrede en vreugde oor wat U alles vir ons gedoen het.
Help ons om te vergeet hoe ver ons afgedwaal het,
en eerder te onthou dat U ons daar kom haal het.
Amen.
(Sören Kierkegaard)

(Uit: *Groot Gebedeboek*, Lux Verbi 2002)

Thinus van Staden

Redakteur: Ds David Barnard
Subredakteur: Ds Etienne Fourie
Kerknuus: Dr Wouter van Wyk
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx
Advertensie-ontwerper: Mej Izelle Marx